LAERSKOOL BRITS GRONDWET

VERKIESING VAN PREFEKTE (LEIERS)

VERKIESING VAN PREFEKTE

'n Personeellid wie se kind betrokke is, mag glad nie vir die geslag van sy of haar kind stem nie, maar wel vir die teenoorgestelde geslag. (Gewysig 27/10/1999)

1. LEERLINGE WAT IN AANMERKING GENEEM WORD

1.1 Slegs Gr. 6 leerders mag verkies word.

1.2 Nuwe leerders kom ook in aanmerking.

NOMINASIEPROSES

2. NOMINASIES

2.1 Gr. 6 leerders stel hulle self voor aan die Gr. 5-7 leerders in die saal.

2.2 Al die personeel, Gr. 6 leerders en die hoof mag nomineer. Die aantal leiers wat verkies word, word bepaal deur die leerder getalle, aantal klasse en die behoefte van die skool. (personeel nomineer seuns en dogters).

2.3 Studente, assistente en admin personeel het geen stemreg nie.

2.4 Al die Gr. 6 leerders nomineer (seuns nomineer seuns asook vir dogters en dogters nomineer dogters asook vir seuns). Gewysig (26/07/2019)

2.5 Personeel wat graag 6 onderrig se nominasies tel 30 %, nie- onderrigpersonele se nominasies tel 10 % en die Gr. 6 leerders s'n 60 %. (dogters 30 % en seuns 30 %). Dit word bereken teen 'n verhouding van 60/40.

2.4 Die Bestuur het 'n veto-reg. Sien Dissiplinêre beleid.

2.5 PROSEDURE

2.5.1 Nominasies deur betrokke personeel vind tydens 'n spesiale personeelvergadering plaas.

Elkeen ontvang 'n alfabetiese naamlys van al die Gr. 6-leerders seuns en dogters, waarop hulle kan nomineer.

2.5.2 Nominasies deur die Gr. 6-leerders vind in die saal of sportsaal plaas onder toesig van die Leiervoog en minstens twee kollegas wat aangewys sal word. Nominasies vind op soortgelyke vorms plaas as 2.5.1.

2.5.3 Personeel en leerders moet oortuig wees van 'n leerder se leierspotensiaal en bekend wees met sy prestasies asook sy betrokkenheid by die skool se aktiwiteite.

2.6 Die leiervoogde stel 2 groepe personeel aan om die teloling van die nominasiebriewe te behartig. Die 1 groep tel die nominasies en die ander groep kontroleer..

3. VERKIESING

3.1 'n Alfabetiese kortlys, van die genomineerdes word afsonderlik (seuns en dogters) saamgestel, bestaande uit die getal lede wat verkies moet word, plus 10 seuns ekstra per lys van 10 dogters ekstra per lys.

3.2 Stemgeregtigdes

3.2.1 Almal – die hele onderwyspersoneel.

3.2.2 Gr. 5 en 7 leerders. Seuns stem vir seuns en dogters stem vir dogters.

3.2.3 Gr. 6 leerders: stem die leeders vir seuns , sowel as vir die dogters.

3.3 Stempersentasie

3.3.1 Personeel wat leerders onderrig se stemme tel 30%;

3.3.2 Nie-onderrigpersoneel (Gr. 1 – 4 personeel) se stemme tel 10%;

3.3.3 Gr. 5 leerders – 10%

3.3.4 Gr. 6 leerders – seuns 20%; dogters 20 %

3.3.5 Gr. 7 leerders – 10%

3.4 Nadat die persentasiestemme wat elke leerder gekry het uitgewerk is, word die leerders met die hoogste punte, vir die verlangde aantal lede, as verkose beskou.

3.5 Die Bestuur van die skool het 'n veto-reg.

4. VERKIESING VAN HOOFSEUN EN HOOFDOGTER

4.1 Nadat die verkiesing onder nr. 3 genoem, plaasgevind het en die prefekte se name aangekondig is, vind die leierskamp plaas. Na afloop van die leierskap vind die verkiesing van die hoofseun en hoofdogter plaas.

4.2 Die volgende groepe se stemme sal tel. Hulle stem vir beide seuns en dogters.

4.2.1 Die totale aantal stemme behaal by die stemgeregtigde personeel tydens 'n spesiale personeelvergadering.

4.2.1.1 Personeel wat graad 6 onderrig se stemme sal 35 % van die totale stemme tel;

4.2.1.2 Personeel wat nie graad 6 onderrig nie se stemme sal 15 % tel.

4.2.1.3 Alle Gr. 6 leerders neem aan die verkiesing van hoofseun en hoofdogter deel en stemme tel 20 % .

Seuns se stemme tel 10 % vir beide seuns en dogters en die dogters se stemme tel 10 % vir beide dogters en seuns.

Alle stemgeregtigdes mag slegs drie stemme uitbring vir hoofleiers, nie volgens amp slegs 3 stemme.

4.2.1.4 Die totale stemme behaal by die verkose leiers vir die volgende jaar sal 30 % van die totale stemme tel.

4.3 Die telling van die stemme onder nr. 4.2 genoem vind afsonderlik plaas.

4.4 Stemming vind per geslote stembrief plaas.

4.5 Die seun en dogter wat die meeste stemme op die wyse behaal, sal die hoofseun en hoofdogter wees. Die onderhoofseuns en onderhoofdogters word bepaal deur die tweede en derde meeste stemme. Indien 'n staking van stemme plaasvind by die onderhoofseuns en onderhoofdogters sal 'n verdere verkiesing plaasvind. 'n Her verkiesing slegs vir betrokke amp sal plaasvind.

5. Indien 'n leerder wat verkies is, druip of in die loop van sy diensjaar die skool verlaat of sy prefekskap verbeur, verval sy verkiesing outomaties en word die leerders wat die volgende hoogste persentasie van stemme tydens die verkiesing behaal het in sy/haar plek aangestel.

	Hoofleier Verkiesing			
	Personeel 50 %		**Leerders 50 %**	
Persentasie	**35 %**	**15 %**	**20 %**	**30 %**
Stemgeregtigdes	Gr. 6 Personeel	Gr. R-5 en Gr. 7 Personeel Personeel wat nie Gr. 6 onderrig nie	10 % Seuns 10 % Dogters Gr. 6 Leerders – Hoofleier verkiesing Sonder leiers	Leiers verkiesing
Beleid punt nr	4.2.1.1	4.2.1.2	4.2.1.3	4.2.1.4

<u>Die program vir die kamp moet aan die hoof voorgelê word en onder andere die volgende insluit</u>:

- Motivering van die prefekte;
- Optrede teenoor mede-leerders en personeel;
- Hoe om 'n goeie leier te wees;
- Pligte van die leiers en werkverdeling;
- Spesifieke doelstellings vir die jaar wat nagestreef gaan word
- Wat om te doen en nie te doen met noodhulp

_____ _____

Leiervoog Leiervoog

_____ _____

Departementshoof Mnr. W.A. Krüger
HOOF

LAERSKOOL BRITS

Posbus 54
Brits
0250

Wichtstraat 2, Brits, 0250

012 252 3317/3392
012 252 1676
www.lsbrits.co.za

britsadmin@lsbrits.co.za
finansies@lsbrits.co.za

LEIERVERKIESING VIR 2023

Personeel wat tel in konferensielokaal:

_____ _____ _____

_____ _____ _____

NOMINASIEPROSES

Maandag 12 September

Gr. 6 leerders stel hulself voor na saalopening vir Gr. 5 en Gr. 7 leerders

Gr. 6 leerders en personeel nomineer vir kortlys deur 'n geslote stem proses

12 – 16 September: Nominasie stemme word getel in konferensielokaal

Vrydag 16 September

Dagbestuur bespreek die kortlys

VERKIESINGSPROSES

Maandag 19 September

Gr. 5,6, en 7 leerders en personeel stem vir leiers vanaf kortlys

19-23 September: Stemme word getel in konferensielokaal

Vrydag 23 September

Dagbestuur bespreek die leiers en aankondiging kan dan volg daarna.

Name en nommers van ouers vir Mnr Krüger gee

Ontgroening: 26 – 28 September

Leierskamp: Kwaggasrus: 14 – 15 Oktober

Maandag 17 Oktober - Hoofleiers word voor gestem

Dinsdag tot Vrydag 8 November – 11 November - Leiers oefen eed in die saal vir die prysuitdeling